HELDERBERG UITREIK:
UYAVULA LEES- & SKRYFPROJEK

Uyavula Lees- en Skryfprojek het 'n groot behoefte aan lesers en boeke, veral kinderboeke.
Gevra: Nog meer Omgee-lesers én kinderboeke.
Gee asb af by die kerkkantoor.

Het jy 'n hart vir Jesus en kinders én is lief vir lees?
Goeie nuus: Dan het jy oorgenoeg om 'n verskil te maak!
Raak asseblief betrokke by die Uyavula Leesprojek.

Hoe? Lees vir 1 kind of 1 klas.
Wanneer? Tydens skoolure – eenmaal per week.
Waar? Altena Primêre Skool, Macassar Primêre Skool of Oklahomasraat Primêr.

Kontak asb vir Amanda de Villiers by 082 326 1396

Ramptoestand opgehef

President Cyril Ramaphosa het op 4 April na 750 dae die nasionale ramptoestand opgehef. Daar is vir die volgende 30 dae steeds sekere oorgangsregulasies in plek en dit is in die jongste Staatskoerant van 4 April gepubliseer. Die dra van maskers binnenshuis en op openbare vervoer bly steeds verpligtend. Bywoning van byeenkomste word beperk tot 50% van die kapasiteit van die perseel, indien mense ingeënt is of negatiewe toetse kan toon. Andersins word getalle tot 1000 binnenshuis en 2000 buite beperk. Kenners spekuleer tans of die ramptoestand kan terugkeer indien infeksies skerp toeneem en intentingsyfers laag bly. Die regering het intussen konsepregulasies voorgestel om die toekomstige bestuur van die pandemie onder die Nasionale Gesondheidswet te laat bekragtig. Hierdie proses is tot 15 April oop vir openbare bespreking.

BYBELSTUDIE
STORMHAVEN PARK

28 April 2022 om 10:00
Koördineerder:
Coenie Basson - 082 552 1850

Helderberg Hospitaal

Ons is op soek na 'n vrywilliger in ons gemeente wat bereid is om as Voorsitter vir die Helderberg Hospitaalprojek by Alisia Smit oor te neem. Kontak gerus vir Alisia vir meer inligting rakende dié projek by 084 855 8009.

Kategese

- **Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.**
- **Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.**

Junior kategese: 17 Apr - Geen kategese
Volgende geleentheid – 24 April 2022

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner